Donderdag **16 Mei**

**Skrifgedeelte: Genesis 2:1-9**

**Fokusgedeelte: Genesis 2:9; Openbaring 22:2**

**Die gelowige leef tussen twee bome van lewe**

In Genesis 2 lees ons dat alles wag op die skepping van die mens. Die Here het die hemel en die aarde geskape en dan staan daar: Daar was nog nie enige struike of groenigheid wat uitgespruit het nie, want daar was nog nie ’n mens om dit te bewerk nie. En dan skep God die mens uit die stof van die aarde en plaas hom in die tuin van Eden wat Hy self vir die mens voorberei het met bome wat uitspruit en mooi is om te sien en lekker is om van te eet. Die mens mag in die tuin heers en aan al die wilde diere name gee.

In die middel van die tuin was die boom van die lewe waarvan die mens vrylik mag eet en ook die boom van kennis van goed en kwaad waarvan die mens nie van mog eet nie. Die oomblik wat die mens van die boom van kennis van goed en kwaad eet, sou hy sterwe. Die mens wat bedoel was om vrylik van die boom van die lewe te eet, word na sy sondeval (deur van die boom van kennis van goed en kwaad te eet) uit die tuin van Eden verdryf en die toegang tot die boom van die lewe word bewaak. As sondaar mag hy nie meer van die boom van die lewe eet en ewig lewe nie.

Ons mag ons Bybel egter oopslaan by die laaste hoofstuk van die Bybel, naamlik Openbaring 22 en dan lees ons dat die mens weer vrylik mag eet van die boom van die lewe. Die wonder het gekom deur die koms van Jesus Christus in die wêreld. Sy kruis op Golgota staan in die geskiedenis tussen die twee bome van die lewe in Genesis en Openbaringe. Hy dra die vloek oor ons sondes aan ’n vloekhout en betaal volledig vir al ons sondes deur sy lyde en sterwe aan die kruis. Vir elkeen wat sy toevlug tot Jesus Christus neem, is die uitsig om tot in alle ewigheid van die boom van die lewe in die Nuwe Jerusalem te eet. Die boom wat elke maand sy vrugte gee en waarvan die blare genesing bring vir die nasies. Die beeld van oorvloed en sondelose vreugdevolle lewe in volle gemeenskap met God en Jesus Christus deur die Gees. Alle volke verenig onder hulle een Hoof, Jesus Christus.

Jy lewe as gelowige in die tyd tussen die twee bome. In ’n gebroke wêreld is jy in Christus op pad na die Nuwe Jerusalem waar jy vir altyd die voorreg het om van die boom van die lewe te eet. Laat dié hoop jou help om te volhard en standvastig Jesus, jou Here, te dien deur in God se skepping te heers as priesterkoning.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5*

*Ds. DJ (Daan) Bakker (Emeritus)*